
GEBED OM DIE VOORSPRAAK VAN SUID-AFRIKA SE BESKERMVROU, MARIA OPGENEEM-IN-DIE-HEMEL



aria, ons glo dat u deur die Vader se liefde,
liggaam en siel in die hemel opgeneem is.
Moeder van Christus,
vir die Kerk, is u 'n kragtige voorspreekster.

U is waarlik ons Moeder en u kinders in Suid-Afrika
vereer u as ons Beskermvrou, met die titel, Koningin opgeneem-in-die-hemel.

Ons bid u kragtige voorspraak vir die volgende:

- dat daar in ons land geregtigheid en vrede mag heers;
- dat die armes voldoende voedsel en huisvesting sal ontvang;
- dat al die mense van ons land ten alle tye die lewe sal eerbiedig;
- dat naasteliefde ons nasie se lewensreël sal word.

Maria, wees asseblief 'n moeder vir die Kerk in Suid-Afrika,

bid dat ons al die wysheid,

liefde en genade mag ontvang,

wat ons benodig op ons pelgrimstog na die Vader.

Deur Christus onse Here. Amen.